# 32. SAALOPENING: Verantwoordelikheid – Laerskool Kinders

## Ysbreker:

Skryf ‘n klomp verantwoordelikhede op papiertjies neer en gooi dit in ‘n sakkie of ‘n boksie. Kry ‘n paar vrywilligers wat kan lees om jou te help.

Speel lekker muskiek, en soos die musiek ophou moet die een wat die boksie of sakkie vashou een van die papiertjies uithaal en dit hardop lees.

## Vrae na die ysbreker:

1. Wie van julle weet wat ons die goed noem wat julle gelees het? (verantwoordelikhede of werkies soos party kinders dit noem)
2. Wie hou daarvan?
3. Hoekom moet ons dit doen?

## Storie: Om ‘n mier op te pas

*Ek wil vandag vir julle ‘n storie vertel waaruit ons almal baie kan leer*.

Die kinders in die klas is almal BAIE opgewonde. Vandag gee juffrou vir elkeen hulle werkie wat vir die res van die jaar net hulle s’n is.

Soos met alles in die ou lewe is party werkies baie lekkerder en belangriker as ander, en elkeen wil graag die belangrikste werkie hê.

Voordat juffrou die werkies vir die nuwe jaar uitdeel kyk sy gewoonlik eers wie hulle werkies die vorige jaar die beste gedoen het. Daardie kinders sien altyd baie uit na hierdie dag, want dis hulle wat die belangrikste werkies in die nuwe jaar kry.

Rieta is die kind wat haar werkies die vorige jaar die beste gedoen het, so almal weet dat sy hierdie jaar die beste werkie gaan kry, en dit is om die klashond op te pas.

Weet nie wie die meeste verras was, Rieta of haar maats, toe al die werkies uitgedeel word en Rieta ‘n klein boksie met sand en ‘n mier daarin kry om op te pas nie.

Juffrou het aangehou dat Rieta ‘n baie belangrike werk gekry het, maar Rieta was nie so seker daarvan nie!

Rieta se hart was baie seer, en haar maats het baie jammer vir haar gevoel. Rieta se pa was so kwaad vir die juffrou dat hy vir Rieta gesê het om glad nie na die mier te kyk nie!

Rieta het baie van haar juffrou gehou, en het besluit om vir haar te wys dat sy ‘n fout gemaak het met die werkie wat sy vir haar gegee het, deur ekstra mooi na die mier te kyk.

Rieta het besluit om te maak asof hierdie onbelangrike werkie die belangrikste werkie van almal was. Sy het gaan oplees oor die mier, vir hom die regte kos gegee, en tot sy boksie beter gemaak sodat hy lekkerder daarin kon bly. So het die mier baie groter geraak as wat almal verwag het.

Eendag staan daar ‘n man in die klas wat baie belangrik lyk. Die juffrou sê dat hy groot nuus het!

Rieta se klas is gekies om die vakansie saam met die man op ‘n uitstappie te gaan. Die klas het ‘n kompetisie gewen omdat Rieta so mooi na die mier gekyk het.

Almal was baie opgewonde en het vir Rieta baie dankie gesê omdat sy so mooi na die mier gekyk het.

## Toepassing:

Wat wil ek hê dat julle vandag uit Rieta se storie moet leer? Dit maak nie saak hoe groot of klein ‘n werkie is nie, ons moet dit altyd doen asof dit die grootste en belangrikste werkie is. Dis nie die grootte van die werkie wat saakmaak nie, maar HOE ons dit doen!

Klein werkies wat jy nou goed doen, help jou om later groot werkies te kan doen! Onthou as jy klein werkies goed doen, dan word jy later met groot en belangrike werkies vertrou. Elke werkie is belangrik, maak nie saak hoe klein nie.

Daar is so oulik versie in die Bybel oor ‘n mier! Kan julle dit glo, soos in ons storie.

Ons kry dit in Spreuke 6:6 “”Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom”.

Sjoe, is dit nou nie oulik nie! Hierdie versie sê eintlik vir ons dat ons nie lui moet wees om die werkies te doen wat ons s’n is nie – maak nie saak of dit groot of klein is nie.

## Sluit af met gebed

**Lys van moontlike verantwoordelikhede:**

- Maak jou bed op
- Sit jou bord in die wasbak
- Borsel jou tande
- Doen jou huiswerk
- Pak jou tas
- Gaan skool toe
- Gooi jou vuil klere in die wasgoedmandjie
- Gee vir die honde kos
- Was die skottelgoed
- Gooi die vullisdrom uit
- Vee die bord af
- Pak die boeke weg